EKOLOGIE – WAT ANDER LANDE DOEN

EKO-VRIENDELIKE BOUMATERIAAL IN NIGERIË:

Kleurvolle huise wat koeël- en vuurvas is en selfs aardbewings kan weerstaan! Huise wat 'n gerieflike temperatuur handhaaf, geen koolstofgas vrylaat nie en deur sonkrag en metaangas van herwonne afval aangedryf word. Hier is 'n kreatiewe oplossing van twee nie-regeringsorganisasies in Nigerië wat huise bekostigbaar uit plastiekbottels bou! Belangstellendes kan hier meer **lees** (Foto onder met erkenning aan Andreas Froese/ECOTEC)

BESLUIT NOU REG EN PLUK LATER VRUGTE:

Costa Rica pluk vandag die vrugte van hulle sinvolle besluite wat sedert 1948 geneem is. Byna 100% van hul elektrisiteit word vandag deur vyf hernubare energiebronne opgewek. Hierdie land se volgende uitdaging is om volledig ontslae te raak van fossielbrandstof as energiebron vir hulle padvervoerstelsel. Kyk gerus **hier** na Monica Arayo**,** 'n klimaats-advokaat van Costa Rica, se insiggewende praatjie.

FRANSE WETGEWING TEEN KOSMORS:

Vroeër vanjaar het Frankryk die eerste land geword waar dit onwettig is vir supermarkte om kos weg te gooi in die mate wat dit in die verlede gedoen is. Volgens die nuwe wet word supermarkte gedwing om orige kos, of kos wat na aan die vervaldatum is, aan liefdadigheidsorganisasies of voedselbanke te skenk. Dit beteken dat honderdduisende meer maaltye uitgedeel kan word aan mense wat dit nodig het.

Lees gerus wat *The Guardian* hieroor **skryf**

In Suid-Afrika is hongeriges 'n algemene gesig, met talle skole wat deur voedingskemas broodnodige maaltye voorsien. Alhoewel daar jaarliks wêreldwyd genoeg voedsel geproduseer word sodat almal genoeg behoort te hê om te eet, is daar talle faktore wat veroorsaak dat duisende mense sterf van honger. Sub-Sahara Afrika is die streek in die wêreld met die grootste voorkoms van hongersnood, met een uit elke vier mense wat ondervoed is - kyk **hier** na statistieke.